DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

28 November 2021

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Lukas 1: 26 - 38 |
| **Tema** | Laat met my gebeur volgens U word |
| **Sang** | Lied 364<br>Lied 344<br>Skrifberyming 10-2<br>Lied 354: 1, 2<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Psalm 105: 4, 5<br>Skrifberyming 5-3: 1, 2<br>Lied 358: 1, 2<br>Lied 345: 1, 2<br>Lied 365: 1, 2<br>Skrifberyming 4-6 |

In Lukas 1: 26-38 word die geboorte van Jesus aangekondig. Kersfees is die fees van die vervulling van God se beloftes in die Ou Testament. Die aankondiging geskied in die vorm van 'n dialoog tussen die engel Gabriël en Maria.

Die dialoog bestaan uit drie dele. Die Here stuur die engel na 'n sekere adres in Nasaret. 'n Onbenullige dorpie in Galilea – die streek van die heidene. Die gesprek begin deurdat die engel Maria op 'n buitengewone manier groet. Hy sê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou – Griekse Bronteks.  Dit is merkwaardig dat Gabriël Maria op dié wyse groet. Sonder dat sy daarvoor vra, geniet sy God se seën. Hoe reageer Maria? Sy is verwonderd. Wat se soort groet kan dit wees?  Sou ons anders reageer?

In die tweede deel van die gesprek verduidelik Gabriël die rede vir sy besoek – Maria sal swanger word en ’n seun in die wêreld bring. Sy ken die Ou Testament en weet die Messias moet uit ‘n maagd gebore word en Hy sal uit die nageslag van Dawid kom. Sy reageer op die engel se boodskap op ’n eg menslike wyse. Sy sê aan die engel dat so iets onmoontlik is. Sy het geen man nie.

Soos voorheen, reageer Gabriël ook nou op Maria se bev-raagtekening. Die geboorte waarvan hy praat, is ’n wonderwerk van God die Heilige Gees. Die bedeling van die Heilige Gees breek aan. Kyk maar net na Elisabet. Sy het swanger geword teen alle verwagting in. Sy is reeds 6 maande swanger. Net so gaan God in Maria se geval ’n wonderwerk verrig. Hoe reageer Maria? Sy sê: Hier is die slavin van die Here. Laat met my gebeur volgens u woord – Griekse Bronteks. Ons sien hoe Maria groei vanaf haar aanvanklike twyfel en onsekerheid, tot volle besef, gehoorsaamheid en oorgawe om God se instrument te wees.

Kyk ons na Maria se verhaal, kan dit netsowel ons geloofsreis wees. Ons is ook somtyds vasgevang in onsekerheid, met ’n gebrek aan insig. Maar wanneer ons opnuut en met erns na die evangelie luister, as ons terugkyk en sien wat God al alles verrig het, word ons opnuut vervul met dankbaarheid, en daarom die toewyding om ook te sê: Ek is die eiendom van die Here (Kurios), laat met my gebeur volgens U woord.

Die Here belowe aan geen kind van Hom ‘n plesierrit op aarde nie. Ons is steeds aan onvolmaaktheid, siekte en dood, onderworpe. Hy belowe dat niks vir Hom onmoontlik is nie en dat Hy altyd en in alle omstandighede by ons is. Dit is ons ewige troos – ons kan nie sonder God wees nie. Is ek so volkome tot God se beskikking? Is jy bereid om, soos Maria, jou eie ek te laat vaar en jouself volkome in diens van die Here te plaas? Is jy werklik diensbaar en ‘n getuie van God se genade?

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid dat die Here vir Theyman en Simonè Jongbloed geloofskrag sal gee om aan Hom vas te hou. Mag die Gees julle lei en julle harte met vrede vul.
* Ons bid dat Elzanne Botha vinnig sal aansterk na haar operasie.
* Die Silwerdoppers bedank almal vir die heerlike bederf die afgelope week. Baie dankie aan al die susters wat help kos maak het.
* Op 5 en 19 Desember preek Teologiese student Philip Wepener en op 12 Desember preek emeritus predikant Daan Bakker, die broer van oudl Andrè Bakker. Ons bid hulle die seën van die Here toe op die prediking.
* Baie dankie Barbara Nagel en Marisa Linde vir die kies van die liedere en saamstel van die program. Dankie Annemarie Koekemoer vir jou spel. Dankie aan Annemarie en Louis wat voorlees. Ons waardeer julle bydrae om werklik die Here te dank en te loof vir Sy wonderlike groot genade.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 28 NOV 2021

**Diensbeurt:** Wyk C3

**Ouderling:** **Danie Combrink**

**Katkisasie:** Graad 11

**Diaken:**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal soos voorheen weer, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**28 Nov 2021** **Almal wat beskikbaar is.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| **29 November** | **18:00** | ***Kerk*** | **Breëkerkraads vergad.** |
| 30 November | 09:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 1 Desember | 18:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 2 Desember | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 2 Desember | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |



# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend/Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 28 Nov | Corne Du Plessis<br>Elna Pienaar | 64<br>53 | B<br>B | 082 823 7487<br>082 419 8882 |
| Di 30 Nov | Stephan Du Plessis<br>Werner Roux | 52<br>46 | B<br>B | 084 491 1165<br>082 469 4341 |
| Do 2 Des | Hennie Combrink | 36 | B | 073 318 8142 |
| Vr 3 Des | Melissa Oosthuizen | 30 | B | 082 488 7577 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 28 Nov 1987 | Gideon & Annemie De Klerk | 34 | 082 806 3190<br>082 805 8947 |
| 4 Des 1999 | Gary & Christa Carlisle | 22 | 082 745 7409<br>082 923 9845 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK



*Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.*

*Psalm 37: 5*


## YSTERTJIES SKOOLVOEDSEL PROGRAM


Baie dankie aan al die susters wat betrokke was by die Ystertjies se voedsel program gedurende hierdie jaar:
Sandra Eloff, Sarie Kotze, Hester vd Merwe, Ina Buys, Rienie Ooosthuizen, Melissa Oosthuizen, Nelmarie Venter, Wiekie v Ree, Sarie Bronkhorst, Marie Seegers, Hannelie Krüger, Hilda Hattingh, Heila Lessing, Annemarie v Biljon en Tialeen Venter.

Ons het groot waardering vir julle gewillige hande en harte sodat die leerlinge van Laerskool Pietersburg-Suid hulle volle potensiaal kan bereik. Twee van ons susters gaan uittree, daarom vra ons nog gewillige hande om ons projek te ondersteun.
Elke groep kry een keer per maand 'n kosmaakbeurt.



Vrywilligers kan Barbara Nagel by 0832609581 skakel om hulp aan te bied vir 2022.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 129 326.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92
SEP
R 112 611.00
R 125 038.92


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 48 167.00
R 27 227.60
JUN
R 15 887.90
R 32 103.94
JUL
R 17 220.00
R 16 514.38
AUG
R 32 727.20
R 28 444.27
SEP
R 22 410.00
R 18 569.61
OKT
R 29 313.70
R 22 972.78
INKOMSTE
UITGAWES

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze (015) 296 0054 (Tel/Faks) 086 293 4674 (Faks) |
| Epos | **admin@gereformeerd.co.za** |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248 Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005 Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Maria sê toe: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het." Toe het die engel van haar af weggegaan.*

*Lukas 1: 38*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS